ONS NUUSBRIEF

GEREFORMEERDE KERK BLOEMFONTEIN-NOORD

25 Februarie 2018 Nr 08

Predikant:	***Ds Kobus Botha***	**Skriba**:	***Wikus Vorster***
	051 436 2930/082 410 7447		**051 436 3213/083 475 6777**
Orrelis:	***Lourie Coetzee***	**Kerkkantoor**:	**Tel en faks: 051 436 2932**
	083 776 6989	**Kantoorure**:	**Ma 15:00-18:00; Woens 08:00-11:00 Vry 08:00-11:00**
Diakonie:	**Voorsitter: *Cobus Venter***	**Posadres**:	**Posbus 28182, DANHOF 9310**
	082 055 7083	**E-posadres**:	**kantoor@gkbfnnoord.co.za**
Susters:	**Voorsitter: *Ester Botha***	**Webwerf**:	**www.gkbfnnoord.co.za**
	072 784 9451	**Bank**besonderhede beskikbaar by kerkkantoor	
Bybelstudie	***Hennie de Bruin***	**Kassier**:	***Hannes Fourie***
	051 436 6745/082 335 2030		**051 451 1946/082 923 5412**
Lesotho Uitreik/	***Dirk Coetzee***	**Koster**:	***Hannes Carstens***
Evangeliesasie:	**082 784 1993**		**064 498 2583**

VERJAARSDAE

Die volgende lidmate verjaar gedurende hierdie week. Baie hartlik geluk! Ontvang ons allerbeste seënwense vir die nuwe lewensjaar!

25 Feb: Anzelle Patterson	083 500 7136	01 Mrt: Br Hannes Fourie	082 923 5412
28 Feb: Sr Elna de Bruin	082 562 2871	Sr Christi Storm	079 791 4377
Sr Olga Ras	072 229 1127	Sr Natasha van Heerden	072 130 6690
29 Feb(!) Br Steward Anderson	083 376 9960	Br Johan van der Poel	082 940 4620
01 Mrt: Sr Estelle Ackerman	082 935 3858	03 Mrt: Sr Danielle Vorster	083 661 9344
Sr Ronél Coetzee	083 743 8137	Marlise de Witt	083 662 3462
Sr Chanelle Fouche	083 925 8279		

BROEDERS TER APPROBASIE AS OUDERLINGE

Op die jongste Kerkraadsvergadering is eervolle ontslag toegeken aan oudl Koot Klopper (wyk *Paul Roux-straat*). Daar is nog steeds vier ander wyke vakant nl *Eeufeesweg, Jan Wilkenstraat, Langehovenpark 1* en *Whites-weg*. Ons hulpdienspredikant, dr Frans de Bruyn, het weer aangebied om die lidmate van laasgenoemde drie wyke te besoek waarvoor ons baie dankbaar is.

Die name van die volgende broeders word nou ter approbasie aan die Gemeente voorgehou sodat hulle in bepaalde wyke as ouderlinge kan dien:

- Br Louis Steyn van Castalia-straat 10 - wyk *Paul Rouxstr*
- Br Francois van Niekerk van Schanskraal – wyk *Eeufees-weg*

Ons bid hierdie twee broeders die seën van die Here toe by die oorweging van dié roeping!

GEMEENTEVERGADERING VOLGENDE SONDAG

Direk na die diens volgende Sondagoggend sal daar DV ’n Gemeentevergadering gehou word om die Gemeente in te lig oor die stand van die Finansies in 2017 en om die begroting vir 2018 aan die Gemeente voor te hou. Dit sal nie lank duur nie en die katkisasie en teebedieing sal daarna normaalweg voortgaan. ’n Vriendelike beroep word op alle lidmate gedoen om die vergadering by te woon en sodoende op die hoogte van sake te kom.

JAARLIKSE SUSTERSBYDRAE

Die susters word herinner aan hul vrywillige bydrae van ***R150*** vir die jaar. Dit kan in die kassie in die voorportaal geplaas word, of nog beter, betaal dit in in die Susters se bankrekening by ABSA, takkode 632 005, rekeningnommer 0470 341 769.

TEEBEDIENING

Die gebruiklike teebediening vind weer vanoggend na die erediens plaas. Vandag is dit die beurt van wyk *Groenvlei* waar lidmate in daardie wyk die wyksouderling en sy vrou behulpsaam is. Volgende Sondag is dit die beurt van wyk *Heliconhoogte*. Baie dankie aan almal wat daarmee gemoeid is!

EGSKEIDINGBEDIENING

Die Egskeidingbediening se derde van 13 byeenkomste het reeds plaasgevind. Oudl Dirk Coetzee is weer die aanbieder en dit word vanjaar by die ***GK Bloemfontein-Suid*** in Walter Sisuluweg gehou. Enigeen wat die trauma van ’n egskeiding of ’n verhouding wat verbreek is, ervaar, is baie welkom om dit nog steeds by te woon. Skakel vir Dirk by 083 784 1993.

DEURKOLLEKTES

►Vandag se ***deurkollektes*** word vir die ***Pres Kruger Kinderhuis*** te Reddersburg afgesonder. Ons weet hoe dringend hulle fondse van buite en veral van Gereformeerde Gemeentes nodig het, anders sal hulle nie kan bestaan nie, en gevolglik nie ’n tuiste aan die kinders kan bied nie!

►Volgende Sondag se ***deurkollektes*** sal vir die ***GKSA se Sustentasiefonds*** opgeneem word. Hierdie fonds help Gemeentes wat nie finansieel onafhanklik kan bestaan nie sodat die Woordverkondiging steeds daar kan voortgaan. Verder word dit ook gebruik om voorposgemeentes te stig waar Woordverkondiging dringend noodsaaklik is.

GK SHALOM IN BOTSHABELO

Ons het verlede week berig oor die behoefte wat daar in Botshabelo bestaan om ’n eie kerkgebou te besit waarin hulle eredienste en ander gemeentefunksies kan hou. Op die jongste Kerkraadsvergadering het daar hoeka ’n skrywe vanaf die Klassis Suid-Vrystaat gedien waarin gevra word vir geldelike bystand. Die kerk se naam is die ***GK Shalom*** en is op 3 September 2016 as selfstandige Gemeente aan die westekant van GK Botshabelo, afgestig. Hulle besonderhede verskyn nog nie in die GKSA se Almanak 2018 nie.

Hierdie Gemeente (daar is tans reeds 70 belydende lidmate) hou elke Sondag eredienste en hulle werk regtig baie hard om hul droom te verwesenlik. Hulle het reeds ’n erf bekom waarop hulle ’n kerkgebou wil oprig. Hulle hou ook gereeld fondsinsamelings.

Bydraes vir die ontwikkeling van ’n kerkperseel in Botshabelo vir die GK Shalom kan met u naam en “*Kerkgebou*” as verwysing, in die volgende rekening inbetaal word: ***Jabulani Bybelskool***:
FNB. Takkode 230 234
Rekeningnr. 6222 007 2029.

BELANGRIKE DATUMS EERSTE KWARTAAL 2018

Die eerste kwartaal van 2018 is reeds halfpad verby! Hier volg ’n paar belangrike datums om vir die res van die kwartaal in gedagte te hou:

Sondag 04 Maart:	Gemeentevergadering na die oggenddiens
Sondag 11 Maart:	Voorbereidingsdiens
Sondag 11 Maart:	Voorskoolse- en Laerskoolkatkisasie sluit af
Sondag 11 Maart:	Diakonievergadering 17:00
Sondag 11 Maart:	Ouderlingevergadering na aanddiens
Woensdag 14 Maart:	Hoërskoolkatkisasie sluit af
Donderdag 15 Maart:	Bybelstudie sluit af
Sondag 18 Maart:	NAGMAAL
Woensdag 21 Maart:	*Menseregtedag*
Woensdag 28 Maart:	Skole sluit
Vrydag 30 Maart:	*Goeie Vrydag*
Maandag 02 April	*Gesinsdag*

HULP TYDENS FUNKSIES

Daar is nog geleentheid vir susters om hulp aan te bied tydens 1) die bediening van verversings tydens begrafnisse en 2) met Nagmaaletes of ook 3) hulp by die *Torings van Hoop*-projek, en om hul name op die lyste wat in die voorportaal is, aan te teken.

LITURGIE VANDAG: DR FRANS DE BRUYN

Ons is dankbaar dat ons hulpdienspredikant, dr Frans de Bruyn, vandag weer die eredienste gaan waarneem. Ons dank die Here vir dié mate van gesondheid waaroor hy nog beskik en bid hom en sr Petro die seën van die Here toe!

OGGENDDIENS

Skriflesing: ***Dan 10:1-5;11-21***
Ef 6:10-13
Opb 19:9,10
Teksverse: ***Dan 10:12-14;20,21***
Voorafsang: ***Lb 200:1,2,3***
Sang: ***Lb 184:1,3,4***
Ps 38:1,17
Ps 119:7
Ps 68:1,2
Ps 2:1,2
Ps 33:8,9,11

AANDDIENS

Skriflesing: ***Opb 12***
HK 49
Voorafsang: ***Lb 489:1,3***
Sang: ***Lb 151:1,2***
Ps 25:2,7
Sb 10-1:2,4
Sb 18-7:1,11,12

BEROEPE- EN ANDER KERKNUUS

BEROEP AANVAAR

Prop JPL (Vickus) van Jaarsveld na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie

BEROEPE BEDANK

Ds C(Christiaan) Jooste van Waterberg na Brits

Ds FJ (Frikkie) van Rensburg van Rustenburg-Noordoos na Komatipoort

PREDIKANT OORLEDE

Met leedwese word die afsterwe bekend gemaak van dr Daniël Nkulu – predikant van die Eglise de la bonne Nouvelle – op 19 Februarie 2018

GEDAGTE VIR DIE WEEK

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is
en die Gees van God in julle woon nie?
As iemand die tempel van God skend,
sal God hom skend; want die tempel
van God is heilig , en dit is julle

1 Kor 3:16,17 OAV